
1JH 5:18 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [12]

Die vyfde merkteken

E258

"Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is ... die Seun van God bewaar hom, en die Duiwel kry geen houvas op hom nie." (1Joh 5:18 - OAV, NAV)

Die opmerksame leser sal oplet dat ek hierbo die OAV en die NAV kombineer. Die eerste gedeelte kom uit die meer letterlike OAV - waarmee ons meestal tot nou toe gewerk het. En die tweede gedeelte haal die NAV aan, omdat dit tekskrities waarskynlik korrek is.

'n Tekskritiese punt

'n Vergelyking van die OAV en die NAV toon 'n duidelike verskil in 1Joh 5:18. In die een geval bewaar die Christen homself (OAV) en in die ander geval bewaar die Seun van God hom (NAV). Dit het bloot te doen met 'n subtiele verskil in die Grieks van die verskillende grondtekste wat gebruik is. Waarskynlik is die NAV se grondteks beter (vgl. ook NIV), maar die gewone gelowige hoef hom weinig oor die saak te kwel, aangesien beide weergawes in ooreenstemming met ander Skrifuitsprake is. Tog, ek neem aan dat die NAV die oorspronklike teks korrek weergee.

Wat ook al tekskrities korrek is, oor een saak hoef niemand te twyfel nie: *iemand wat uit God gebore is - wat dus waarlik wedergebore en gered is - sal in sy geloof en heilige toewyding aan die Here Jesus tot die einde toe volhard.* Daarom is dit die finale merkteken van ware Christenskap.

Is dit nie wonderlik troosryk nie dat ons hier teen

die einde van ons reeks weereens daaraan herinner word dat dit in die finale analise die Here self is wat ons redding en herskepping tot afronding voer!

'n Paar formele punte

- "Bewaar" beteken om sorgvuldig op te pas en te beskerm. Die Vader het Sy uitverkorenes immers vir tyd en ewigheid aan Sy Seun toevertrou. Aan hierdie rentmeesterskap sal Hy onfeilbaar getrou bly. En Hy kán, omdat Hy nie net mens is nie, maar ook God.

- Die "houvas" wat die duiwel op 'n Christen wil kry, dui op 'n vasgryp - om leed te berokken.

- Die kontras in v.19a moenie misgekyk word nie: hier is geen sprake van middelgrond nie.

- Daar sal diegene wees wat rusteloos rondtrap omdat ek in hierdie preek die ewige sekuriteit van gelowiges so sterk beklemtoon. Dit gee aanleiding tot laksheid in ons geloofswedloop, sal geredeneer word. Kyk net, word gesê, hoeveel aansporings daar in die Skrif is om te volhard tot die einde toe. En kyk net hoeveel Christene raak die pad byster en gooi handoek in in die wedloop.

Heeltemal reg! Maar tog beklemtoon die Skrif eweneens dat die Here Self diegene wat waarlik gered is, enduit deurma. En nie alleen leer die Skrif dit nie, maar my ervaring oor baie jare heen - nie net in andere se lewens nie, maar ook in my eie - bevestig die vertroostende waarheid van die volharding van diegene wat die Here uitverkies en vir Homself afgesonder het. Dit is immers wanneer mens in geloofsvertroue jouself oorgee in die veilige hande van die Here, dat Hy (wie anders?) 'n nuwe vrede en vertrouwe in jou laat ontstaan - wat jou met dankbaarheid en liefdesywer vervul om Hom met alles in jou te dien, en om daarin enduit te volhard.

- Diegene wat waarsku dat hierdie leerstuk maklik skewe idees by mense kan laat ontstaan en aanleiding gee tot 'n selfvoldane gearriveerdheid van Christene, het vir seker 'n punt beet.

Niemand minder nie as die vermaarde en klijphard gereformeerde teoloog, John Murray, waarsku dan ook teen 'n verkeerde verstaan van hierdie leerstuk: "Die Skrif leer ons dat dit moontlik is om 'n opwindende, lewensveranderende, veredelende ervaring van die krag en waarheid van die evangelie te hê - sonder om werklik saligmakende geloof te hê. Dit is moontlik om so naby te kom aan die bonatuurlike kragte wat in God se koninkryk van genade werksaam is, dat dit effekte op jou het wat beswaarlik onderskeibaar is van dit wat God se wederbarende en heiligmakende genade voortbring - sônder om deel te hê aan Christus en die ewige lewe. 'n Leerstuk van geloofsvolharding wat nie deeglik rekening hou met die moontlikheid en realiteit van sulke gevalle nie, moedig 'n laksheid aan wat volharding alles behalwe bevorder. Dit is hoegenaamd nie die Bybelse leer van die volharding van die heiliges nie" (Redemption - accomplished and applied, p.153).

- Hoe moet ons dan die leerstuk van volharding verstaan? Hoe kry ons die kloutjie by die oor?

Jesus Christus bewaar die gelowiges

- Dat Jesus Christus diegene wat die Vader aan Hom toevertrou het, bewaar, word dwarsdeur die Nuwe Testament geleer. Van die troosrykste uitsprake in hierdie verband word in die Evangelie van Johannes aangetref. Gaan kyk na Jh 6:37-40; 44; 54; 65-71 en Jh 10:14-16; 22-30 (tyd laat ons ongelukkig nie toe om dit te bespreek nie, maar kyk in diepte daarna en jy sal nooit spyt wees nie).

- Hoe bewaar Jesus Christus diegene wat die Vader aan Hom toevertrou het en wat deur die Heilige Gees wederbaar is? *As hulle hemelse Hoëpriester tree Hy onder meer vir hulle by die Vader in! En Sy voorspraak is uiteraard onfeilbaar.* Hieruit vloei dan die Heilige Gees se voortgaande instandhoudingswerk in hulle lewens.

- Onderstaande verse is enkele van talle:

○ Rm 8:34: Christus tree vir ons in by die Vader. Hierdie vers se heerlike implikasies word duidelik as dit in konteks gelees word (v. 28-39).

○ Heb 7:25: "Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree."

○ Vergelyk ook Hb 5:7-10; 9:24; 1Jh 2:1.

● Voorbeelde van die Here Jesus se voorbidding vir Sy dissipels is in die Evangelies opgeteken.

• Lk 22:31-32. Hier lê die sleutel tot Petrus se opregte bekering en uiteindelijke herstel (Jh 21:15vv). Só is nie vir Judas Iskariot gebid nie. Elke Christen deur die eeue was en is algeheel afhanklik van Jesus Christus se voorbidding om tot die einde toe te volhard ten einde gered te word!

• Jh 17. Jesus se Hoëpriesterlike gebed is seker die klassieke voorbeeld van Sy voorbidding vir Sy dissipels - en as sodanig was dit 'n bron van troos, sekuriteit en blydskap vir miljoene dwarsdeur die eeue. Let veral op verse 1-2; 6; 9; 11-12; 15; 24.

Enkele punte van toepassing

Hoe kan 'n mens weet Christus se voorbidding dra jou?

Weet jy dat jy sonder sy voorspraak nie die paal sal haal nie? Kan jy sê dat jy tog, ten spyte van baie aanslae en weerstand, bly volhard? Neem jy toe in jou afhanklikheidsbesef van Christus se voorspraak by die Vader, en van die Vader se instandhoudingswerk deur Sy Gees? Is die ander merktekens 'n werklikheid in jou lewe? Groei jy in jou liefde vir en toewyding aan die Here?

Ek gee toe dat die Bybel leer dat God Sy kinders bewaar; tog raak ek uiters bekommerd as ek sien hoeveel mense baie belowend begin met die wedloop, maar tog na 'n tyd heeltemal uitsak.

Helaas is jou waarneming korrek. Maar tot 'n groot

E258 : 1Jh 5:18 : Wat op aarde is 'n Christen [12] 4/6

mate is dit te wyte aan die goedkoop evangelie wat so aan die orde van die dag is.

Die vermaarde teoloog, John Murray, skryf: "Die Skrif leer ons dat dit moontlik is om 'n opwindende, lewensveranderende, veredelende ervaring van die krag en waarheid van die evangelie te hê - sonder om werklik saligmakende geloof te hê. Dit is moontlik om so naby te kom aan die bonatuurlike kragte wat in God se koninkryk van genade werksaam is, dat dit effekte op jou het wat beswaarlik onderskeibaar is van dit wat God se wederbarende en heiligmakende genade voortbring - sonder om deel te hê aan Christus en die ewige lewe. 'n Leerstuk van geloofsvolharding wat nie deeglik rekening hou met die moontlikheid en realiteit van sulke gevalle nie, moedig 'n laksheid aan wat volharding alles behalwe bevorder. Dit is hoegenaamd nie die Bybelse leer van die volharding van die heiliges nie" (Redemption, p.153).

Wat is dan die sleutel tot volharding?

Mense verwerp hierdie leerstuk, omdat hulle in reaksie is teen 'n onbybelse karikatuur daarvan: *eenmaal gered altyd gered, ongeag.*

Nee! Wat die Skrif leer, is *dat God diegene wat Hy vir Homself geheilig het, meteen bekragtig en bly bekragtig om heilig te volhard tot die einde toe!*

Die Hemelse Hoëpriester se voorbidding verseker dat diegene wat die Vader aan Hom toevertrou het, heilig sal volhard tot die einde toe, sonder om verswelg te word deur die meedoënlose aanslae van die vlees, die wêreld en die Satan.

En onthou, volharding impliseer inspanning en die versoeking om tou op te gooi. Die Christelike lewe gaan oor kruisdra. Die Nuwe Testament beskryf dit as 'n wedloop met die wenpaal op die oewers van "die rivier sonder 'n brug".

Wie dus nie heilig volhard tot die einde toe nie, toon daarmee dat hy nooit deur die Here vir Homself geheilig (afgesonder) is nie. Hy toon dat hierdie leerstuk nooit op hom van toepassing was nie.

1Petrus 1:3-5 is insiggewend: Hulle wat regtig *wedergebore* is, word "... in die krag van God bewaar ... deur die geloof tot die saligheid ...".

E258 : 1Jh 5:18 : Wat op aarde is 'n Christen [12] 5/6

Hulle word *bewaar*. Ten diepste hang hulle volharding nie van hulle eie prestasie, inspanning en getrouheid af nie.

Hulle word deur die *krag van God* vasgehou.

Hulle word *deur geloof* vasgehou. Geloof is die geut waardeur God se instandhoudingsgenade in 'n mens invloei.

Hulle word vasgehou *totdat die saligheid geopenbaar word* - vir seker dus lewenslank.

Sien jy, hier is ons terug by die wedergeboorte en sy merktekens! Jy kán dus weet! "Hierdie brief skryf ek vir julle sodat julle kan wéét dat julle die ewige lewe het ..." (1Jh 5:13). Ek wil jou nie verveel nie, maar onthou jy nog die merktekens: *geloof dat Jesus die Christus is* (5:1); 'n lewe wat gekenmerk word deur *oorwinning oor sonde* en *heilige gehoorsaamheid* (3:9; 2:29; vgl. NIV); *liefde vir God en mede-gelowiges* (4:7 vv; 3:14-18); *oorwinning oor die suigkragte van die God-vyandigesinde wêreld*.

Ter afsluiting: Wat is 'n Christen dan?

'n Christen is 'n man of vrou wat, op grond van Jesus Christus se middelaarsverdienste, deur God die Vader as kind aangeneem is en deur die herskeppende werk van die Heilige Gees voorberei word vir 'n ewige en welgeluksalige lewe in gemeenskap met die Drie-enige God.

Hierdie werk van die Gees is 'n onmiskenbare en lewenslange belewingswerklikheid vir die betrokke persoon self, terwyl dit ook vir ander om hom duidelik waarneembaar is.

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906

E258 : 1Jh 5:18 : Wat op aarde is 'n Christen [12] 6/6